# Oesnuus

# September 2022

*"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."Handelinge 1:8*

## GETUIENIS IN PLAASLIKE GEMEENSKAP (Jerusalem)

Verskeie plaaslike aksies gaan voort soos onder andere Aksie Olyftak, Naaldwerkklasse en die ondersteuning van Huis Nederig.

## GETUIENIS IN DIE GROTER BLOEMFONTEIN (Judea)

Met die hulp gegee deur die **Sopkombuis** en donasies gegee aan Engo kon die winter vanjaar iewers 'n bietjie makliker gemaak word.




**Engo Gesinsorg dienste**

Komberse en klere is aan ENGO oorhandig vir die KOUE NAG PROJEK. Op die foto oorhandig Pieter Miles van NG Gemeente Langenhovenpark sommige van die items aan Annelize wat dit namens ENGO in ontvangs geneem het.




Die **Motor kompetisie** nader sy einde. Kaartjies teen R30.00 (donasie) is by die kerkkantoor binne kantoorure beskikbaar gestel. Die inkomste word verdeel tussen ENGO (R10.00) en AMOR (R20.00). Die sluitingsdatum van die kompetisie is 30 September 2022.

## GETUIENIS IN AFRIKA (Samaria)

### Namibië (DEGNOS) en Wildevy (DEGNOS)

Marietjie Potgieter het die Jaarvergadering van DEGNOS as verteenwoordiger van die NG Gemeente Langenhovenpark gedurende Julie te Grootfontein, Namibië bygewoon. Sy vertel dat die Konferensie deur meer inwoners van die San-gemeenskappe as in die verlede bygewoon is. Hulle het 'n groot en positiewe bydrae tot die konferensie gelewer. DEGNOS het antwoorde gesoek op vrae soos: Waar kom ons vandaan? Waar is ons nou? Waar gaan ons heen? Karel Ganseb het vertel van die gebeure op die dag van die stigting van die Gemeente Wildevy. Verskeie leraars uit Bloemfontein was teenwoordig by die erediens waar die gemeente gestig is – onder andere Ds. Flip en Mev. Lana Viljoen (destyds van NG Gemeente Waterbron), Prof. en Mev. Koos Smit (Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat), Ds. Lourie Erasmus asook 'n groep Kovsie studente. Hulle het op verskillende plase in die omgewing die evangelie verkondig in die tyd wat die gemeente se stigting voorafgegaan het.

Marietjie Potgieter, wat in die verlede in die gebied gewerk het, noem dat groot vordering gemaak is. Daar is tans vyf Kleuterskole in die Wildevy gebied. Riana van Zyl is tydens die Konferensie as Onderwys koördineerder aangestel en het saam met Rosa Nortje en Marietjie Potgieter die onderwysers besoek.

Riana van Zyl skryf daarna soos volg: “On the 12th of July I went to *Grashoek*, *Omatako*, *!Kando*, *Mangetti*, *M’kata* and *Aasvoëlnes* with Ms. Marietjie and Ms. Rosa. These two wonderful ladies were instrumental in the development of these ECD Centres in the past.”



*Foto: Riana van Zyl*

**<u>Botswana</u>**

Die 2022 Tsabong Missionale Konferensie het op 19 Augustus 2022 plaasgevind. Hierdie konferensie het vanjaar by die twee buite wyke in die Kgalagadi plaasgevind naamlik Bost en Werda-Kokotsha. Die doel was om soveel as moontlik mense met die konferensie te bereik – iets wat nie moontlik was met die konferensie wat in die verlede te Tsabong aangebied is nie.



Ds. TC du Toit skryf:

“The reality that being a Christian means: being a *disciple* (obedient follower) of Jesus, was undeniably made clear in this 8th Tsabong Missional Conference. The central message is most probably summa-rised the best way in the words of Dietrich Bonhoeffer: Christianity without discipleship, is always Christianity without Christ.

Foto Dr.Frans Hancke aan die woord.

Amongst the attendees I experienced a tangible atmosphere of serious and honest internalization of the contents of the sessions. God's Spirit was and is at work in our hearts and minds, and hopefully our lives. We thank God for His humble and gifted servant, Frans Hancke, who brought this message of truth from His word. Soli Deo Gloria!"

## ***GETUIENIS TOT IN DIE VERSTE UITHOEKE VAN DIE AARDE***

### **Wêreldsending in SA - Gerrie en Arlene Coetzee**



Arlene en Gerrie skryf hulle was vir die afgelope 2 maande besig met die tweede EMT (ETHNOS MissionTraining) van die jaar. Ons het met hierdie inname 11 studente gekry. In die groep is daar 'n egpaar wat in Rusland sendingwerk doen. Dit is wonderlik om deel te wees van 'n groep wat die EMT Kursus aanbied en om te sien dat daar keer op keer nuwe Goddelike aanraking en transformering in die groep studente is. BID ASB SAAM MET ONS VIR: • Voldoende en volhoubare inkomste. • Die EMT studente se pad vorentoe asook vrug op die uitreik aksies gedurende die kursus. • Dat ons altyd die stem van die Heilige Gees sal hoor, en in God se wil sal lewe. Dank God saam met ons vir Gerrie se voortdurende herstel (sy 3 maande na-operatiewe toetse wys hy is kanker vry).